DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 13 ❄ Nr 139 ❄ NOVEMBER 2017

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Hervorming: 500 jaar	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Gebedshulpmiddels	6
Gebedsaksie	7
Mosambiek Geletterdheid	8
Quionga Nuus	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?

Bydraes moet die Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 13 Nov. bereik!

KYK NUUT NA DIE FEITE

Heb.1:1-2

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.

Dit tref my nou die dag weer soos ’n voorhamer toe ek deur die sakedeel van een van ons koerante blaai. Wat doen die rubriek-skrywers nou anders as om die feite dag na dag te hergroepeer en her saam te stel. Op grond daarvan probeer hulle ’n prentjie van die werklikheid en die toekoms teken. Soms is hulle reg en soms is hulle heeltemal verkeerd. Hulle probeer inderdaad perspektief gee in ’n doolhof van statistieke, grafieke, tendense en aanwysers. Dit is wat perspektief wil doen. Dit wil jou ’n geordende, sinvolle greep op die werklikheid gee, veral in ’n verwarrende wêreld. Ook die kerk het dit deur die eeue probeer doen. Soms was sy reg en soms heeltemal verkeerd. Hoe nou gemaak? Terug na die voorbeeld van finansiële analiste. Wat sou een van die kernvoorwaardes vir ’n korrekte analise wees? Antwoord: Jy moet met die relevante syfers werk! Jy moet die vermoë hê om die kern uit te haal, dit wat werklik deurslaggewend en bepalend gaan wees. Dit is hoekom ek die Bybel so ernstig neem. Neem die Hebreërsboek as voorbeeld. Dit is die verhaal van ’n tweedegeslag deurmekaar groepie Christene wat begin twyfel of die feite waarmee hulle gewerk het die regte feite was. En dan kom die skrywer en trek eenvoudig en duidelik weer vir hulle die essensiële lyne. God het op baie maniere al met julle gepraat. Daar is baie feite waarna julle kan kyk, maar nou het Hy deur Jesus Christus gepraat (Heb. 1:1-2). Dit is en bly die essensie. Perspektief op die werklikheid begin daar waar jy hierdie een feit ernstig neem en alles om jou heen verder daarmee interpreteer! Dis Goddelike perspektief.

Here, help my om die wêreld radikaal deur die een essensiële werklikheid van Jesus Christus te interpreteer. Mag Jesus die filter word waardeur ek alles sien. Amen.

Uit: Lewe met Perspektief (Braam Hanekom); uitgegee deur CUM

Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.
WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ….. OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

BELYDENISAFLEGGING: 15 OKTOBER 2017

Jenna Blake

Ane Bock

Dominique Brand

Janca Fourie

Danel Lambrechts

Tania Niemann

Nadene Prinsloo

Anuska Ralph

Jean-Mari Steyn

Wilana Verster

Carli Viljoen

Sasckya Viljoen

Zhanique Viljoen

Corné Briedenhann

Laurence Briedenhann

Matthew Cordy

Christiaan Goosen

Christiaan Huisman

Pieter Le Roux

Johann Loots

Joseph Mcknight

Juan Mostert

Melchior vd Berg

Wian v Deventer

Hanco Varley

Graad 11's, ons is baie trots op julle! Num 6:24-26

DOOP: 22 Oktober
Baba Nicolas Momberg
Baie geluk Pappa & Mamma: Michael & Karen
Oumas: Bella Swanepoel & Jean Momberg

DIE GEBOORTE VAN DIE HERVORMING
500 JAAR (1517 – 2017)



Dis 500 jaar gelede wat Martin Luther 95 stellinge op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeur van die Wittenberg Kasteelkerk gespyker het. Dit was die geboorte van die Protestantse Hervorming... 'n gebeurtenis wat die wêreld verander het.

Wie was Martin Luther?
Die Duitse kerkhervormer, Martin Luther, is op 10/11/1483 in Eisleben gebore. Na sy kinderjare is hy in 1501 na die Universiteit van Erfurt. In Januarie 1505 behaal hy 'n meestersgraad en begin met sy regstudies.
Op 2 Julie 1505 word Martin Luther in 'n storm vasgevang en 'n weerligstraal slaan so naby aan hom dat hy oortuig was dat dit sy einde is. Hy maak 'n belofte aan God dat hy 'n priester sou word indien hy gespaar word. Luther het hierdie gebeure as 'n roeping van God beskou en, ten spyte van sy vader se teenkanting, meld hy hom twee weke later by die Augustynse orde aan. Op 3 April 1507 word hy as priester georden. Sy orde besluit dat hy teologie moet studeer en in 1512 behaal hy sy doktorsgraad in teologie aan die Universiteit van Wittenberg en word as 'n professor in Bybelkunde aan-gestel. Tydens sy studentejare het Luther 'n stryd gehad om vrede met God te vind. Hy het hom dikwels vir lang tye in sy kamer toegesluit om Bybel-studie te doen en te bid. Selfs 'n besoek aan die Vatikaan het nie innerlike vrede gebring nie. Hy het onderrig oor die boek Romeine gegee en deur die woorde van Rom. 1:17 het hy uiteindelik die vrede waarna hy op soek was, gevind, want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Die regverdige sal op grond van geloof leef." Luther het later oor dié oomblik in sy lewe geskryf: "Ek het gevoel dat ek opnuut gebore word en deur 'n oop deur die hemel binnestap."
Martin Luther - Die Hervormer: Die bestudering van die Bybel vorm die kern van Luther se teologiese werke. Sy teologiese insig het hom in konflik met die Katolieke Kerk se stelsel van aflaat briewe gebring. In sy preke spreek Luther hom sterk uit teen hierdie gebruik en uiteindelik skryf hy 'n brief in Latyn aan aartsbiskop Albrecht van Mainz en som sy kritiek in 95 stellinge op.....

Die vier bene waarop die Protestantse Hervorming gebaseer is:
Solus Christus (hoe word ek gered? ALLEEN deur Christus) Joh 14:6
Sola Fide (hoe ontvang ek hierdie redding? - ALLEEN deur geloof) Joh 1:12
Sola Gratia (hoe verdien ek die redding? - ALLEEN deur genade) Ef 2:4
Sola Scriptura (waar leer ek oor die redding? - deur die Woord ALLEEN) Joh 17:17
Soli Deo Gloria - AAN GOD AL DIE EER! Kol 3:16-17 & Ef 4:15-16

Indien iemand belangstel, kan die 95 stellinge in Afrikaans bekom word. Kontak kerkkantoor @ 021 853 5900

Gratis boekies oor die Hervorming is ook beskikbaar by die kerkkantoor en by die kerk se voorportale.



FOKUS OP DIE HUWELIK

"Ek waardeer dit as my vrou my in ag neem, en ek weet sy waardeer dit as ek haar in ag neem. Selfs wanneer dit 'n opoffering van my verg, maak dit my gelukkig as sy gelukkig is...."

HOE OM VERSKILLE TE HANTEER: DIE UITDAGING

Jy hou van sport; jou maat hou meer van lees. Jy is baie presies en deeglik; jou maat is baie ongeorganiseerd. Jy is lief vir kuier; jou maat verkies privaatheid. 'Ons pas net nie bymekaar nie!' sê jy vir jouself. 'Hoekom het ons dit nie agtergekom toe ons uitgegaan het nie?' Dalk het jy dit wel agtergekom. Maar op daardie stadium was jy waarskynlik meer geneig om toegewings te maak—en dit sal goed wees om dit weer te doen noudat jy getroud is. Hierdie artikel sal jou help om dit te doen.

WAT JY MOET WEET

Daar is nie twee mense wat heeltemal dieselfde is nie. Dit is dus normaal dat huweliksmaats in een of meer van die volgende opsigte van mekaar sal verskil:

Belangstellings. "Ek het nog nooit van die buitelewe gehou nie," sê 'n vrou met die naam Anna, * "maar my man het van kleins af sneeubedekte berge geklim en dae lank in die bos deurgebring." Gewoontes. "My vrou kan saans tot laat wakker bly en nog steeds vyfuur in die oggend opspring, maar ek moet sewe tot agt uur lank slaap, anders raak ek knorrig", sê 'n man met die naam Brian. Eienskappe. Jy is dalk teruggetrokke, terwyl jou huweliksmaat uitgesproke is. "Ek het grootgeword in 'n gesin waar ons nie oor ons persoonlike probleme gepraat het nie", sê 'n man met die naam David, "maar my vrou kom uit 'n gesin waar alles openlik bespreek is." Verskille kan voordelig wees. "My manier van dinge doen, is moontlik reg, maar dit beteken nie dat dit die enigste manier is om iets te doen nie", sê 'n getroude vrou met die naam Helena.

WAT JY KAN DOEN

Ondersteun jou maat. 'n Man met die naam Adam sê: "My vrou Karen stel glad nie in sport belang nie. Maar sy het al 'n paar wedstryde saam met my bygewoon en selfs vir my span geskree. Karen hou eerder van kunsmuseums, en daarom gaan ek saam met haar, en ons bly daar so lank as wat sy wil. Ek doen my bes om in kuns belang te stel omdat dit vir haar belangrik is."—Bybelbeginsel: 1 Korintiërs 10:24. Verander jou beskouing. Jou huweliksmaat se beskouing is nie noodwendig verkeerd net omdat dit van joune verskil nie. Dit is 'n les wat 'n getroude man met die naam Alex geleer het. "Ek het nog altyd gedink dat 'n reguit lyn die kortste pad van punt A na punt B is en dat enige ander manier onaanvaarbaar is", sê hy. "Maar die getroude lewe het my help besef dat daar baie maniere is om van punt A na punt B te gaan en dat meer as een manier doeltreffend kan wees."—Bybelbeginsel: 1 Petrus 5:5. Wees realisties. Aanpasbaarheid beteken nie dat julle identies moet wees nie. Moet dus nie tot die gevolgtrekking kom dat julle huwelik 'n fout was net omdat julle in 'n paar opsigte van mekaar verskil nie. "Baie mense gebruik die verskoning: 'Die liefde het my verblind'", sê die boek The Case Against Divorce. Maar "elke dag wat julle saam gelukkig was", sê die boek verder, "wys dat julle mekaar kan liefhê, ongeag hoe julle geaardhede van mekaar verskil". Probeer om 'aan te hou om mekaar te verdra as iemand rede tot klagte het'.—Kolossense 3:13. Probeer die volgende: Skryf neer waarom jy van jou huweliksmaat hou, waarom jy vir hom lief is en wat julle in gemeen het. Skryf dan neer waar julle van mekaar verskil. Jy sal waarskynlik agterkom dat julle verskille minder ernstig is as wat jy dink. Die lys sal jou ook wys waar jy dalk verdraagsamer kan wees en jou huweliksmaat meer kan ondersteun. "Ek waardeer dit as my vrou my in ag neem, en ek weet sy waardeer dit as ek haar in ag neem," sê 'n man met die naam Kenneth. "Selfs wanneer dit 'n opoffering van my verg, maak dit my gelukkig as sy gelukkig is."—Bybelbeginsel: Filippense 4:5.

RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Voeg 'n paar druppels suurlemoensap of 'n teelepel heuning by room as jy dit nie styf genoeg geklop kry nie.

MET KERSFEES OM DIE DRAAI, DINK ONS MOS AAN KERSFEESKOEK....

Vrugtekoek Kolwyntjies + Versiering (genoeg vir 12)**:**

Kolwyntjie Bestanddele

- 10 ml koeksoda
- 125 ml water
- 480 g (750 ml) droëvrugte-koekmengsel
- 250 ml dadels, fyngesny
- 50 ml kersies, fyngesny
- 125 ml brandewyn
- 5 ml vanieljegeursel
- 250 g (270 ml) botter
- 200 g (250 ml) suiker
- 2 eiers
- 280 g (500 ml) koekmeel
- 10 ml bakpoeier
- knippie sout

Versiersel Bestanddele:

- 2 eierwitte
- 425 ml strooisuiker
- knippie sout
- knippie kremetart
- 50 ml water

Metode vir Kolwyntjies:

Verhit oond tot 180 °C. Meng koeksoda en water.
Voeg droëvrugte-koekmengsel, dadels, kersies, brandewyn en vanielje by. Meng goed. Laat staan 30 minute.
Room botter en suiker met elektriese klitser in middelslag-mengbak.
Klits eiers een vir een by en klits goed ná elke byvoeging.
Voeg vrugtemengsel by en meng goed.
Sif koekmeel, bakpoeier en sout oor vrugtemengsel en meng deur.
Spuit 12 holtes van 'n standaard-muffinpan met kleefwerende kossproei. Skep holtes 2/3 vol beslag.
Bak 12 minute of tot 'n toetspen skoon uitkom.
Laat in pan afkoel en keer uit.
Skep lepels vol sneeuversiersel (resep volg) op elke kolwyntjie.

Metode vir versiering:

Klits al die bestanddele goed saam. Plaas die mengsel oor 'n pot met kookwater & klits 7 minute lank met handklitser of tot mengsel dik word en stywe punte vorm.
Versier vrugtekolwyntjies (vorige resep) onmiddellik – die versiersel word gou hard en daar moet dus vinnig gewerk word. Bind 'n mooi lint om elke kolwyntjie sodra die versiersel gestol het. Sit voor.

BRON:
http://www.liplekkerresepte.futureriverdesigns.com/maklike-vrugtekoek-resepte-vir-kersfees.html

Vinnige Vrugtekoek Broodjie

Lewer 1 koekbrood
Bereidingstyd: 15 minute
Baktyd: 1 uur

Vrugtekoekmengsel Bestanddele:

500 ml (2 k) koekmeel
250 ml (1 k) suiker
10 ml (2 t) bakpoeier
7 ml (1½ t) fyn kaneel
2 ml (½ t) fyn naeltjies
2 ml (½ t) neutmuskaat
5 ml (1 t) fyn gemmer
5 ml (1 t) sout
250 ml (1 k) vrugtekoekmengsel
100 g rooi glanskersies, gehalveer

Vir Bak

125 ml (½ k) melk
80 ml (1/3 k) olie
2 eiers

Metode:

Vir die bakmengsel: Meng alles baie goed en bêre in 'n lugdigte houer in die koskas.
Vir bak: Voorverhit oond tot 180 °C.
Voer 'n broodpan van 9 x 19 cm met bakpapier uit en spuit met kossproei.
Skep die mengsel in 'n mengbak.
Klits die melk, olie en eiers saam en voeg by die bakmengsel.
Meng goed en giet in die voorbereide broodpan.
Bak sowat 1 uur of tot 'n toetspen skoon uit die brood kom.
Laat effens afkoel in die pan en keer dan op 'n draadrak uit om heeltemal af te koel.

GEBED: HULPMIDDELS

HOEKOM MOET ONS IN JESUS SE NAAM BID?

Want Jesus sê dat ons in Sy naam moet bid.

Joh 14:13-14 "Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."

Joh 15:16 "Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.

Joh 16:23-24 "Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. "Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."

Joh 16:26 " Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie.

Flamêros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.

- Om in Jesus se Naam te bid, is die sleutel tot die krag en beloftes van God.
- Ons bid in Jesus se Naam om die kruisdood & die oorwinning op Golgota toe te eien.
- Deur te bid in Jesus naam gee ons erkenning dat Hy die Gesalfde is (Koning Priester & Profeet).
- Oordink die Name van Jesus en gebruik dit as jy bid.
- Bid jou gebedsversoeke in Sy Naam.
- Gebruik die gesag van Sy Naam.
- Bestraf satan in Sy Naam.
- Heilig jou gebede in Sy Naam.
- Gebruik Sy name as "wapens" in jou gebedstyd soos jy enige ander beloftes van God in die Skrif sal gebruik.
- In die Bybelse tyd het 'n persoon se Naam sy persoonlikheid aangedui - wie hy is en wat jy van hom kan verwag.
- In die Bybel is daar talle Name waarmee Jesus beskrywe word.

'n Paar van Sy name:

Jehovah Elohim: Die Here God (Gen 2:4, 3:9,13 & 21)
Jehovah Jireh: Die Here Voorsien (Gen 22:14)
Jehovah Nissi: Die Here, my Banier (Eks 17:15)
Jehovah Rapha: Die Here wat Genees (Eks 15:26)
Jehovah Shalom: Die Here is Vrede (Rig 6:24)
Jehovah Tsidkenu: Die Here ons Geregtigheid (Jer 23:6)
Jehovah Mekaddishkem: Die Here wat Heilig (Lev 20:8)
Jehovah Sabaoth: Here van die Leërskare (1 Sam 1:3)
Jehovah Shammah: Die Here is daar (Eseg 48:35)
Jehovah Rohi: Die Here, my Herder (Ps 23:1)
Jehovah Hoseenu: Die Here ons Skepper (Ps. 95:6)
Jehovah El Gemuwal: Die Here God wat Vergeld (Jer 51:56)

-Joubert van Tonder-

GEBEDSAKSIE: NOVEMBER 2017

ONDERWERP: ADVENT & KOMENDE KERSTYD

Die woord Advent is afgelei van die Latynse woord "adventus" wat koms beteken en verwys na Christus se koms en Sy wederkoms. Gedurende hierdie tyd vier ons God se ingryping in die geskiedenis deur die geboorte van Christus. Ons vertrou dat God dit wat begin is met Christus se eerste koms sal voltooi met Christus se wederkoms. Ons sien uit daarna dat God die bose sal verslaan en die gebrokenheid van hierdie wêreld sal heelmaak. Advent fokus op die feit dat ons tussen die tye van Christus se eerste koms en Sy wederkoms leef en dit behoort ons leefwyse te bepaal. Dit is 'n tyd van afwagting en verwagting maar ook 'n tyd om aktief God se liefde in die wêreld uit te leef. **Advent begin op die 4de Sondag voor Kersfees en duur tot Oukersaand.** Advent is deel van die Kerssiklus en ook die begin van die Kerkjaar. Die Kerssiklus begin met hoop en afwagting tydens Advent en loop uit op vreugde met Kersfees en sluit af met Epifanie. Daar is verskeie simbole wat met Advent verbind word, maar die gewildstes is seker die Adventkrans en Adventkalender. Die krans word gevleg of gevorm uit groen blare en takke. In die sirkel word vier kerse geplaas met 'n vyfde een in die middel. Die middelste kers is wit drie is blou of pers (purper) en een is ligroos. Die vier kerse aan die buite rand word een vir een aangesteek op elke Adventsondag totdat almal brand op die 4de Sondag. Die ligroos kers word op die 3rde Sondag aangesteek. Die middelste kers word die Christuskers genoem en word op Kersdag aangesteek. Die tradisionele kleure wat in Advent gebruik word is pers of koningsblou, ligroos, wit & groen. Die sirkelvorm van die krans dui op die ewigheid van God en Sy ewigdurende liefde. Die groen in die krans simboliseer nuwe lewe en groei. Die lig van die kerse simboliseer die lig van God wat na die wêreld gekom het. Die 4 buitenste kerse simboliseer die 4 weke van afwagting voor Kersfees maar ook die 4 eeue van afwagting tussen Maleagi en Christus se koms.

1ste week se tema is verwagting/hoop (blou/pers). 'n Tyd van hoop waar ons herinner word dat die pyn, seer en swaarkry wat ons nou beleef aan die verbygaan is. Christus het gekom en sal weer kom.

2de week se tema is vrede (blou/pers). Die engele het Jesus se koms aangekondig met die lied "Vrede op Aarde". Ons beleef Jesus se vrede en deel dit met elkeen wat op ons pad verskyn.

3de week se tema is vreugde (ligroos). Ons dink in die eerste plek aan die vreugde wat ons kan beleef omdat Jesus gebore is en tweedens dink ons ook na oor watter dinge vir God vreugde gee. Vreugde is nie omstandigheidsgebonde nie en laat 'n lig in die donkerste nag skyn.

4de week se tema is liefde (blou/pers). God se koninkryk van liefde het gekom maar is nog nie 'n voltooide realiteit nie. Ons moet ander vertel wat Kersfees vir ons beteken. In die tweede plek moet ons vir die wat swaarkry, gee. Die liefde van Jesus dring ons om vir ander te gee in 'n hedendaagse Kerstyd waarin mense net wil ontvang.

Kersdag vorm die hoogtepunt en afsluiting van Advent (die voorbereiding en wagtyd is verby).

Jesus, die Lig vir die wêreld is nou vir altyd by ons en die wete dring ons om self ook ons lig in die wêreld te laat skyn.

GEBEDSREIS:

Week 1 (5 Nov - 11 Nov)

Ons wag op U Here! Nou en vir altyd!

Ps 131:1-3 "Selfverheffing en hoogmoed is daar nie by my nie, Here. Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is. Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind. Wag op die Here, Israel, nou en vir altyd."

Week 2 (12 Nov - 18 Nov)

Dankie Heer en Vredevors dat U aan ons vrede gee wat alle verstand te bowe gaan.

Jes 9:5 "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors." Bid ook Fil 4:4-9

Week 3 (19 Nov - 25 Nov)

Here ons bely dat ons voortdurend ons vreugde verloor as gevolg van ons omstandighede. Dankie dat U ons in U Woord leer dat ware vreugde in U, die Christus, gewortel is. *Fil 4:4 Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Bid ook Ps 37:4*

Week 4 (26 Nov - 02 Des)

Lig van die Wêreld, U is ons ewige verlossing, U is die onfeilbare Lig wat ewig duur. U is waarlik ons verlossing.

Joh 8:12 "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee"

Mosambiek Geletterdheid

"sodat hulle die Bybel kan lees"

Nuusbrief: Augustus 2017

Inleiding

Ons hooffokus op die oomblik is om die kleuterskool gebou klaar te bou, sodat die kleuterskool soontoe kan skuif voor die sinode vergadering in die eerste week van September plaasvind. In September besoek ons weer die bosskole spesifiek vir evangelisasie. Ons vat dan 'n hele span mense saam om sokker & netbal te speel, tou te spring, te sing en die evangelie te verkondig. Bid asseblief vir die uitreike vir veiligheid! Op die oomblik loop die storie dat `n persoon van World Vision se bakke uitgebrand en hy doodgemaak is, omdat hulle gedink het dat hy mense se bloed uit hul liggame suig. Help dat die mense ons nie as bloedsuiers sal sien nie..

Kleuterskool

Volgende moet die "louver" vensters ingesit word, die plafon en mure geverf, die beton stoep gegooi en die buitekant finaal afgewerk word.
Aan die begin van die jaar het ons met die kerk ooreengekom dat die projek `n klaskamer sal voltooi en dat hulle dan verantwoordelik is vir die tweede klaskamer. Die tweede klaskamer vorder stadiger , maar steeds baie goed. Die vloer is gelê, vensterrame ingesit, mure afgepleister, en die muskietnette is aan die voorkant opgesit. Dit wil wel voorkom asof die kerk gretig is om hul deel by te dra.
Sodra die kleuterskool in die nuwe gebou ingetrek het, sal ons graag die bestuurskomitee van die kleuterskool wil help om die bedryf van die kleuterskool te verbeter.

Gaan lees die volledige Nuusbrief op Lourensrivier Webtuiste of op Mosambiek Geletterdheid facebookblad

Groete uit Milange, Mosambiek
Niehan en Carmen Koekemoer
E pos: baiewarm@yahoo.com
Whatsapp: +27 76 434 2773
Facebook : Mosambiek Geletterdheid

Prys die Here saam met ons vir...

- Vinnige vordering van die kleuterskool sonder probleme.
- Veilige reis na SA, in SA en terug na Milange in aanwend

Ons praat met God oor...

- Die benut van elke geleentheid om Sy Koninkryk uit te brei die laaste paar maande.
- Veiligheid en voorspoed vir Sept. Besoeke bosskole.
- Beroepsopsies vanaf Januarie 2018.

QUOINGA - Gebedsbrief 9-2017

POSITIEWE SWAAI

Soos van julle reeds verneem het is daar ‘n positiewe swaai in die mense van Quionga. Ons vertrou dit. Met ons stap deur die dorp is daar almeer mense wat vrae vra. Daar is ook ‘n belangstelling om te luister. Party mense vra goeie vrae en dan is daar ander wat net vrae vra om te debatteer. Tydens ons laaste stap het daar ‘n jongman gekom wat op ‘n punt gesê het hy het 150 vrae wat hy wil vra. Ons het hom genooi om gerus sy vrae aan Simão te gaan stel. André en Simão het toe een Saterdag meer as ‘n uur gesit en die vrae bespreek. Die jongman sou weer later na Simão kom om antwoorde op sy vrae te kry. Daar is ook ‘n swaai by Simão om nie meer al die vrae uit sy eie krag te probeer beantwoord nie, maar om raad te vra en hopelik ook daaroor te bid.

SENDELINGE WEGBREEK

Ons het ook na baie jare weer die voorreg gehad om as sendelinge vir ‘n wegbreek bymekaar te kom. Dit het aan die Mosambiek kant van die Malawimeer gebeur, by Meponda. Dit is amper 1100km hiervandaan en ons het op Balama oorgeslaap op pad daarheen.

Dele van die pad is goed, maar ander dele is sleg tot verskriklik sleg. Die laaste 60km van Lichinga na Meponda het ons meer as 2uur geneem om af te lê! Ons was op die end nie soveel mense soos ons gehoop het daar gaan wees nie, maar ons het steeds ‘n goeie tyd gehad. Baie dankie aan diegene wat dit vir ons moontlik gemaak het om hierdie wegbreek-saamkuier te kon hê. Die algemene gevoel is ook dat ons dit nou weer ‘n jaarlikse instelling sal maak.

G**ebedsversoeke**:

- Vir die Gees om sonder ophou in mense se harte te werk
- Vir die moontlikheid om tog die ou vrieskas reg te kry

Danksegging:

- Ons is dankbaar vir ons saamkuier as sendelinge
- Baie dankie vir Ruvuma vennootskap en Getuienisaksie wat dit moontlik gemaak het
- Vir ‘n week saam as familie

Kontak en ander inligting
Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique
Epos: thiartaa@gmail.com
Facebook: Makwe Mission -http://www.facebook.com/#!/MakweMission

Sny die reghoek hier onder uit. Kleur die hardloopskoen in. Sny rondom die skoen op die stippellyn (Nie onder nie) Vou die skoen op aan die onderkant. Sit die skoen iewers neer om jou te herinner dat Satan weghardloop as jy jou onderwerp aan God.

Die Bybel sê vir ons God is baie sterker as Satan. Hier is hoe God jou sal laat wen oor Satan se versoekings!



► Laat Jesus baas wees van jou lewe (Onderwerp)
► Lees en Gehoorsaam die Bybel (Onderwerp)
► Bid en vra God om jou te help NEE sê vir Satan. (Staan teê)

Onderwerp julle dan aan God.
Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug

Jakobus 4:7

LEESROOSTER : NOVEMBER 2017

(1 Tess.2:9-13; 1 Tess.4:13-18; 1 Tess.5:1-11; Matt.25:31-46)



DWARS:

1 Wanneer die stem van die aarts-engel en die ….. weerklink. [1 Tess. 4]

3 Ons glo immers dat Jesus ….. het. [1 Tess. 4].

7 Ek was ‘n ….. julle het My gehuisves. [Matt. 25].

8 Dan sal julle nie ….. nie. [1 Tess. 4].

9 Dit sê ons vir julle op ….. van wat die Here gesê het. [1 Tess. 4].

11 Dag en ….. het ons gewerk. [1 Tess. 2].

12 Wanneer die….. gegee word. [1 Tess. 4].

14 Laat ons ….. en nugter wees. [1 Tess. 5].

16 Julle is tog almal ….. van die lig. [1 Tess. 5].

17 Hy sal op Sy koninklike ….. gaan sit. [Matt. 25].

18 Julle onthou nog, Broers, hoe ons ….. en gesweet het. [1 Tess. 4].

22 Hy wat julle roep om in Sy ….. koninkryk in te gaan. [1 Tess. 2].

23 En hierdie mense sal die ….. straf ontvang. [Matt. 25].

24 Troos ….. dan met hierdie woorde. [1 Tess. 4].

25 Julle leef nie in die ….. nie. [1 Tess. 5].

AF:

2 “Alles is ….. en veilig. [1 Tess. 5]

4 Hy sal die mense van mekaar ….. [Matt. 25].

5 dié wat hulle ….. drink, is van die nag. [1 Tess. 5].

6 Julle is getuie van hoe ….., reg en onberispelik ons ons gedra het. [1 Tess. 2]

7 Gaan weg van My af, julle ….. [Matt. 25]

10 Ons moet geloof en ….. as borsharnas dra. [1 Tess. 5]

13 Allereers sal dié wat in Christus ….. uit die dood opstaan. [1 Tess. 4]

14 Ons wat bly lewe tot met die ….. [1 Tess. 4]

15 Neem dit as ….. in besit. [Matt. 25]

19 Die dag sal julle nie soos ‘n dief ….. nie. [1 Tess. 5]

20 Die dag van die Here kom soos ‘n ….. in die nag. [1 Tess. 5]

21 Praat mekaar ….. in. [1 Tess. 5]

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.

Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za

pamgolding.co.za

savills An International Associate of Savills

PAM GOLDING PROPERTIES